



Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 23 23 JULIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

Ons wil eerstens elke ouer, onderwyser en leerling van Laerskool Newtonpark bedank vir die goeie gesindheid waarmee u die soveelste wysigings, soms tot groot frustrasie, aanvaar en daarby aanpas.

MEDELYE

Ons opregte meegevoel word betuig teenoor mnr. Swanepoel wie se pa gedurende die vakansie oorlede is. Ons innige simpatie ook aan Alana Stander in graad 2S en Michael Stander in graad 6S en hul familie met die heengaan van die twee kinders pa gisteroggend. Dit was vir ons 'n groot skok om daarvan te hoor. Mag hulle die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie hartseertyd beleef.

KOM ONS BID

Daar is van ons ouers asook personeel se families wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

NUWE PREFEK AANGEWYS

Baie geluk aan Gustav Cronje in graad 7D, wat as 'n prefek aangewys en ingehuldig is aan die einde van verlede kwartaal.

HEROPENING VAN SKOOL

Die volgende inligting is van belang, soos uiteengesit in die nuutste Staaskoerant, Volume 673, nommer 44858 wat op 15 Julie 2021 gepubliseer is:

- Skoolbestuurspan en ondersteuningspersoneel meld by skole aan:
22 Julie 2021
- Skole heropen vir leerders volgens die alternatiewe dae siklus:
26 Julie 2021
- Alle leerlinge van openbare publieke laerskole en spesiale skole is terug by skole:
2 Augustus 2021.

Ons het die week aansoek gedoen by die onderwysdepartement om al ons leerlinge van 26 Julie af elke dag terug te bring skool toe. Dit is net 'n week vroeër as die beplande terugkeer van al die leerlinge. Die versoek is deur die departement goedgekeur as ons al die Covid-protokolle handhaaf en dit vir die leerlinge veilig maak.

Lance Impey, ons terreinbestuurder, het sedert Junie begin om vir ons meer as 160 enkel tafels te bou, wat ons in die skool versprei het sodat al die leerlinge nou veilig in die klasse kan inpas. Ons het die graad R-klasse ook verdeel in drie klasse sodat hulle ook almal van dié kwartaal af kan terugkeer skool toe. Mev. Dobson skuif na die ekstra graad R-klas. Die ouers is reeds in kennis gestel watter leerlinge na haar klas toe skuif.



(Foto van tafels in graad 1 klas)

SKOOLTYE

Ons wil 'n dringende beroep op ons ouers doen om hul kinders betyds by die skool af te laai. Die afgelope kwartaal was daar gereeld ouers laat. Ons wil u versoek om vroeg genoeg te ry om u kind betyds af te laai.

Maak ook asseblief seker hoe laat elke graad by die skool afgehaal moet word, **want die leerlinge moet direk na skool opgetel word, omdat hulle nie naskool sonder toesig buite mag wees nie.**

Die skooltye is soos volg:

Graad R : 07:45 – 13:00

Graad 1 – 2 : 07:45 – 13:30

Graad 3 : 07:45 – 14:00

Graad 4 – 7 : 07:45 – 14:15

Op Vrydae sluit die skool vir almal om 12:45.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE

Die leerlinge sal hul rapporte Vrydag 30 Julie ontvang. Teken solank 10 Augustus 2021 aan as die datum vir die ouerbesoeke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afspraak na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

COVID 19 PROTOKOLLE

Ons heg weer al die prosedures aan om net weer seker te maak dat die terugkeer na die skool so veilig moontlik kan plaasvind.

GESIGMASKERS

- Die dra van enige soort masker in die openbaar, en dus by die skool, is verpligtend.
- Die skool beveel aan dat elke leerling 'n ekstra masker in hul tas dra, indien dit benodig sou word. Pak ook 'n sakkie in waarin die gebruikte masker verseël kan word.
- Maskers moet van 'n goeie kwaliteit wees en uit meer as een laag materiaal bestaan indien dit 'n lapmasker is.
- Jy moet nog steeds 'n gesigmasker dra indien jy van 'n deursigtige gesigskerm gebruik maak.

PERSOONLIKE SANITASIE/HIGIËNE

- Die skool en al die klaskamers is deeglik skoongemaak in afwagting vir die leerlinge se terugkeer.
- Skoolbanke en ander meublement sal daaglik voor en na skool gereinig en ontsmet word.
- Leerlinge sal slegs by een skoolbank toegelaat word.
- Elke klas sal oor handreiniger beskik. Ontsmetting van hande met die ingaan en uitgaan sal deeglik toegepas word.
- Apparaat soos tellers, ens. wat in die klasse gebruik word, sal daaglik ontsmet word en waar moontlik sal leerlinge hul eie apparaat/hulpmiddels ontvang.
- Leerlinge se skooltasse sal by hulle in die klas onder die bank gehou word.
- Elke leerling moet, as noodmaatreël, sy/haar eie handreiniger vir eie gebruik saambring.
- Beheer en sanitasie sal by die kleedkamers in plek wees.
- Kleedkamertoegang sal beheer word.
- Vloeibare seep en windblasers sal beskikbaar wees.
- Die skoonmakers sal die kleedkamerarea, toilette en krane uurliks reinig en ontsmet.
- Die skoonmaakpersoneel is deeglik opgelei in die reinigingsprosedures.

DIE 5 GOUE REËLS OM DIE VERSPREIDING VAN DIE CORONAVIRUS TE VOORKOM:

1. Handhaaf 'n fisieke afstand van ander mense af.
 - Deur soveel moontlik van mense af weg te bly.
 - Deur tuis te bly as jy nie gesond is nie.
2. Fisieke afstand tussen mense:
 - Hou 'n afstand van ten minste 1,5 meter (2 armlengtes) van ander af.
 - MOENIE handeskud, iemand druk, vuisstamp, of elmboogstamp nie. Hou jou afstand.
3. Handewas / ontsmet:
 - Was gereeld met seep en water vir 20 sekondes.
 - Vryf hande met 'n alkoholgebaseerde handskoonmaakmiddel.
 - Was hande nadat jy aan mense, oppervlaktes en voorwerpe geraak het.
 - As daar nie seep en water beskikbaar is nie, gebruik 'n ontsmettingsmiddel met alkohol.

4. Beoefening van goeie higiëne:

- Hoes of nies in jou elmboog of 'n sneesdoekie en plaas dan die sneesdoekie in 'n vuilgoeddrom, en was onmiddellik jou hande.
- Moenie jou gesig met ongewaste hande aanraak nie.

5. Gebruik lapmaskers:

- Gebruik 'n lapmasker om jou neus en mond te bedek.
- Moenie aan die masker raak nadat u dit opgesit het nie.
- Hou die masker die heelyd aan, behalwe as jy moet eet of drink. As jy eet / drink, verwyder dit dan versigtig aan die rek/toutjies en plaas dit in 'n skoon papier- of plastieksak.

DIE LEERLINGE MOET DIE VOLGENDE DOEN VOORDAT HULLE DIE HUIS VERLAAT:

- Was jou hande ten minste 20 sekondes met seep en water. As daar nie seep en water beskikbaar is nie, gebruik 'n ontsmettingsmiddel met alkohol.
- Vermy dit om aan jou oë, neus en mond met ongewaste hande te raak.
- Vermy noue kontak met mense wat siek is.
- Bly tuis as jy siek is en probeer om 'n afstand van ander mense te hou. Stel die skool in kennis van jou afwesigheid.
- Reinig en ontsmet voorwerpe en oppervlaktes wat gereeld aangeraak word.
- Dra jou masker.

DIE VOLGENDE REËLINGS MOET OP PAD NA EN VAN DIE SKOOL AF GELD

- Dra jou masker.
- Dit is belangrik om 'n sosiale afstand en goeie higiëne te handhaaf om te voorkom dat jy besmet raak as jy skool toe gaan.
- Probeer ten minste 'n afstand van 1,5 meter hou tussen jou en 'n ander persoon wat saam met jou skool toe stap.
- Indien daar van openbare vervoer of van saamry geleentheid gebruik gemaak word, is dit belangrik om sosiale afstand en goeie higiëne te handhaaf om te voorkom dat jy besmet raak. Die dra van 'n masker is verpligtend wanneer jy openbare vervoer gebruik.
- Ingevolge die COVID-19-maatreëls moet alle openbare vervoeroperateurs toesien dat voertuie voor en na gebruik ontsmet word en die nuwe voorgeskrewe passasiersgetalle moet geld om die verspreiding van die Coronavirus te bekamp.
- Reinig jou hande voordat en na jy van openbare vervoer gebruik gemaak het.

DAAGLIKSE TOEGANGSBEHEER

- Toegangsbeheer sal op leerlinge en personeel van toepassing wees.
- Graad R-leerlinge gaan by die hek by hul klasse in.
- Graad 1 tot 7 maak van die hoofingang van die skool gebruik.
- **Die hoofingang van die skool, asook die graad R-hek, sal eers vanaf 06:45 vir leerlinge oopgesluit word. Geen leerling mag voor 06:45 by die skool aanmeld nie.**
- Alle ander hekke sal gesluit wees.
- Die leerlinge moet enige soort gesigsmaskers aanhê.
- Die leerlinge moet op gemerkte plekke voor die hoofingang en by die graad R-hek staan. Die merke is ook op die sypaadjie aangebring.

- Voor die deur sal 'n stuk sintetiese gras lê wat met ontsmettingsmiddel bespuit is. Vee jou voete 'n paar keer daaroor.
- Stap vorentoe teen die trap op en vee jou voete af op die mat.
- Sorg dat jou hande leeg is, sodat jy jou hande behoorlik kan ontsmet.
- Iemand sal jou dan help om jou hande te ontsmet.
- Daarna sal jy verwys word na een van die opnamestasies.
- **Graad R- tot 4-leerlinge sal dan direk na hul klasse gaan waar hul klasonderwyseresse toesig sal hou.**
- Graad 5- tot 7-leerlinge sal dan deur beweeg na die vierkant waar daar voldoende toesig vir hulle sal wees.

SIFTING VAN LEERLINGE

- Die leerlinge kry 'n twee-weeklikse siftingsvorm wat elke oggend **volledig** deur die ouer ingevul en onderteken moet word. **(U kan dit aflaai van D6)**
- Hierdie daaglikse siftingsvorms moet in 'n liasseersakkie wees en moet in die skoolgebou aan die onderwysers getoon word.
- Die ouers moet elke oggend die leerlinge se temperatuur meet en op die siftingsvorm invul as hulle 'n termometer het.
- Die leerlinge moet hul voltooide Covid-19-vraelys aan die onderwyser by die opnamestasie wys.
- Die leerlinge se temperatuur sal deur die onderwyser geneem word.
- Indien u kind se koors bo 38°C is, of as die vraelys EEN of meer JA-antwoorde op risiko's het, sal u kind na 'n afsonderingsvertrek geneem word. U sal ONMIDDELLIK gekontak word om u kind te kom haal.

TOEGANGSBEHEER VAN BESOEKERS (OUERS INGESLUIT):

Ter wille van die veiligheid van ons personeel en leerlinge sal die volgende prosedures van toepassing wees.

- **Niemand behalwe leerlinge en personeel word op die skoolterrein toegelaat nie.**
- Alle betalings moet elektronies gedoen word, of die geld kan direk by die bank inbetaal word.
- Besoekers wat goed kom aflaai of optel moet dit per voorafgereelde afspraak doen.
- Slegs die hoofingang van die skool sal as toegangspunt gebruik word.
- Die ouer sal gekontak word om hul kind onmiddellik te kom haal indien 'n kind siek word by die skool.
- Ouers wat kinders kom haal moet buite die skool se hekke wag en 'n personeellid sal u kind na buite vergesel.
- Stel die sekretaresse in kennis sodra u by die hek arriveer. Kontaknommer: 041-3651233

DISSIPLINE

- **Daar is 'n geen-verdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van dissipline en die navolg van COVID-19 prosedures, asook die gedragskode van die skool.**
- Enige ontwrigting van die onderrig- en leerproses sal onmiddellik hanteer word deur die leerling uit die klas te verwyder.
- Leerlinge sal na die isolasiekamer geneem word, en ouers sal gekontak word om leerlinge onmiddellik te kom haal.

KONTROLE VAN LEERLINGE SE WERK

- In 'n poging om die verspreiding van die virus te voorkom, sal leerlinge se boeke nie daaglik deur onderwysers nagesien word nie. Onderwysers sal wel 'n stempel in die boeke plaas as deel van hulle kontrole.
- Memorandums sal verskaf word by die verskillende grade waar dit nodig is.
- Leerlinge sal verbied word om enige skryfbehoeftes met mekaar te deel. **Ouers moet asseblief toesien dat hul kind(ers) al die nodige skryfbehoeftes het en ons sal dit waardeer as u ekstras skool toe saamstuur.**
- **Skryfbehoeftes moet verkieslik nie meer in 'n potloodsakkie wees nie, maar eerder in 'n plastiekhouer (bv. roomysbak) wat maklik ontsmet kan word.** Indien enige ouers 'n ekstra plastiekhouer/roomysbak het om te skenk sal dit baie waardeer word.
- Ouers moet asseblief toesien dat alle skryfbehoeftes duidelik gemerk is met die kind se naam.
- Die gebruiklike uitruil van leesboeke in die klasse sal nie soos gewoonlik plaasvind nie. Onderwysers sal alternatiewe planne ten opsigte van leeswerk vir ouers stuur.

BESTUUR VAN POUSES

- Spesifieke areas sal aan graadgroepe geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke groep beskikbaar is om die voorgeskrewe sosiale afstand te handhaaf.
- Verskillende grade sal op verskillende tye pouse hou.
- Leerlinge sal onder streng toesig wees gedurende pouses om sosiale afstand te verseker.
- Leerlinge se hande sal na pouse ontsmet word voor hulle die klasse binnegaan.
- Geen speletjies sal toegelaat word nie. Swaai en klimrame by die graad R'e mag nie gebruik word nie.
- Ouers moet asseblief toesien dat hul kinders se kosblikke oor gesonde kos beskik en dat daar genoeg versnapperinge en koeldrank/water in is om hulle deur die skooldag te dra.
- **Die deel van eetgoed, drinkgoed en snoeperye word verbied.**

EINDE VAN DIE DAG

- **Al die leerlinge moet direk na skool afgehaal word, omdat ons nie sosiale afstand kan afdwing nie. Tref asseblief die nodige reëlins. (Behalwe nasorgleerlinge)**
- Daar sal geen sport- en kultuurbedrywighede by die skool aangebied word tot verdere kennisgewing nie.

PROSEDURES WAT GEVOLG MOET WORD INDIEN IEMAND SIEK IS

- Leerlinge/personeel wat siek by die skool opdaag, sal nie tot die skoolterrein toegelaat word nie.
- Leerlinge/personeel wat by die skool siek word sal so gou as moontlik in afsondering geplaas word en huis toe gestuur word.
- **Dit is nie die skool se verantwoordelikheid om Covid-19-gevalle te identifiseer nie.** Die meerderheid asemhalingsiektes is nie Covid-19 nie.
- Indien die skool enige vorm van siekte waarneem, sal die skool pro-aktief optree deur die leerling uit die klaskamer te onttrek.
- Dit sal op 'n menslike wyse geskied om stigmatisering te voorkom.
- Die leerling sal na 'n isolasiekamer geneem word waar die ouers deur die sekretaresse (Mev. Veronica Smit) gekontak sal word, sodat die ouer die kind dadelik kan afhaal.

KOMMUNIKASIE TUSSEN DIE HUIS/GEMEENSKAP EN DIE SKOOL:

- Wetgewing t.o.v. Covid-19 bepaal dat siek personeel/leerlinge by die skool en die Departement van Gesondheid aangemeld moet word, om hulle kontak met ander individue na te volg om die verspreiding van die virus sover moontlik te bekamp.
- Navrae moet so volledig as moontlik beantwoord word.
- Enige nuwe inligting moet so spoedig moontlik aan die skoolhoof gekommunikeer word.

COVID-19 UITBREKING BY DIE SKOOL STRATEGIE TYDENS 'N UITBRAAK VAN COVID-19

- Onmiddellike kommunikasie tussen die skool, ouerhuis en departement moet plaasvind.
- Die betrokke leerling of personeellid moet dadelik getoets word.
- Indien 'n leerling of personeellid positief toets moet die skool onmiddellik in kennis gestel word.
- Die betrokke party/e sal vir 10 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- Die betrokke party/e moet dadelik 'n volledige lys van mense, met kontaknommers, met wie hy/sy in kontak was, aan die skool verskaf.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel. **Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19 uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.**
- Indien die departement so 'n opdrag gee sal die skool gesluit word.

DIE SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK

- Skoolhoof - Mnr. J.J. Pienaar (084 693 5318)
- Veiligheidskomitee – Mnr. S. Els (041 – 365 1233)
- Beheerliggaam van Laerskool Newtonpark – Mnr. G. Hol (079 521 7485)
- Ons ouergemeenskap
- Oos-Kaapse Departement van Onderwys
- Nasionale Departement van Gesondheid
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD)

VOLG DIE NODIGE PROSEDURE WANNEER 'N PERSOON WAT SIEK WAS, GESOND GEWORD HET

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke kan duur.

WANNEER KAN LEERLINGE TERUGKOM SKOOL TOE?

Leerlinge moet vir 'n tydperk van 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.

- Na 14 dae, of as die leerlinge geen simptome meer toon nie, moet die leerling weer getoets word.

Die ouers moet die skoolhoof skakel en die negatiewe uitslag aan hom verskaf.

PLANTE VIR SKOOLTUIN

Ons plaas die advertensie vandag vir die laaste keer. Mnr. Impey is nog opsoek na plante wat u aan die skool kan skenk as u dalk u tuine 'n bietjie uitdun. Ons is nog opsoek na ongeveer 50 clivia plante. Ons sal dit waardeer as u ons kan laat weet indien u enige beskikbaar het.

MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE + RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELINGS

Baie dankie aan elke ouer se ondersteuning met beide hierdie fondsinsamelings tot dusver. Weens omstandighede buite ons beheer het ons goed gedink om bestellings na die derde kwartaal aan te skuif en ook die verskaffers hiervan in kennis gestel. Alle bestelvoms en gelde wat reeds ontvang is word in veilige bewaring gehou en nuwe datums sal weldra bevestig word.



SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal. Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK



Water vloei nie agteruit nie.
So, probeer om Soos 'n
rivier te leef.
Vergeet van jou verlede
en fokus op die toekoms.
Wees altyd positief!

Skoolhoof

SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

- | | | |
|---------------|---|---|
| Ma – 26 Julie | : | SKOOL HEROPEN 07:45 VIR AL DIE LEERLINGE
Klerewinkel 07:30-12:00 |
| Wo – 28 Julie | : | NETHEIDSINSPEKSIE
Klerewinkel 12:00-14:30 |
| Vr – 30 Julie | : | Klerewinkel 07:30-12:00 |